Publication: Beeld (Uitgawe 1)
Date: Thursday, July 02, 2020
Page: 2

GRONDONTEIENING WEER ONDERSOEK

# 'Beleggers verjaag'

## Regering speel met vuur noudat ekonomie bloei

**Christiaan du Plessis**

Met die ekonomie wat bloei, speel die ANC-regering met vuur deur voort te gaan om grondonteiening sonder vergoeding te laat ondersoek.

Dit is die reaksie van die DA en die VF Plus nadat 'n meerderheid LP's in die Nasionale Vergadering (NV) Dinsdag in 'n sitting besluit het om die ad hoc-komitee oor die wysiging van art. 25 van die Grondwet weer in die lewe te roep.

Die DA en die VF Plus, wat albei teen die herinstelling van die komitee gestem het, meen die hernude klem op grondonteiening sonder vergoeding sal in die huidige ekonomiese krisis beleggers verder afskrik.

Die VF Plus het gesê die nuwe komitee dra 'n sterk boodskap oor dat Suid-Afrika op pad is om 'n tweede Zimbabwe te word.

"Die regering stuur die boodskap aan die wêreld se beleggers uit dat hulle welkom is om in die land te kom belê, maar hulle moet weet hul eiendom kan sonder vergoeding afgeneem word," lui 'n verklaring deur die VF Plus.

Navraag is gister aan Pule Mabe, woordvoerder van die ANC, gerig, maar teen druktyd is nog geen kommentaar ontvang nie.

Volgens die NV het die uitbreking van die Covid-19-pandemie veroorsaak dat die ad hoc-komitee op 29 Mei verval het sonder dat sy mandaat deur die NV verleng is.

Wat sê jý? Gee jou mening. Ons luister.
Stuur 'n SMS na 32515 of skryf 'n brief aan briewe@beeld.com SMS'e kos R1.00

"Die NV het gestem om die komitee met dieselfde samestelling en magte as sy voorganger te hervestig en het hom opdrag gegee om al die werk van die vorige komitee te inkorporeer," lui 'n verklaring deur die parlement.

Die komitee moet teen die spertyd van 31 Desember aan die parlement verslag doen.

Die DA sê in 'n verklaring dit is ironies dat Tito Mboweni, minister van finansies, verlede week in sy aanpassingsbegroting 'n somber prentjie oor die vooruitsig vir die ekonomie geskets het, maar dat die ANC-regering terselfdertyd wil voortgaan met die omstrede idee.

"Wat 'n ongelooflike verwydering van die werklikheid. Die laaste ding wat Suid-Afrika nou kan bekostig, in 'n pandemie en 'n ekonomiese krisis wat al 26 jaar lank aankom en deur die inperking vererger is, is om te fokus op grondonteiening sonder vergoeding."

Magnus Heystek, 'n beleggingstrateeg en direkteur van Brenthurst Wealth, sê die dreigement van grondonteiening sonder vergoeding speel 'n groot rol in waarom kapitaal sedert die termyn van pres. Cyril Ramaphosa die land verlaat.

"Die afgelope vyf jaar het sowat R500 miljard uit die land gevloei. Hulle sê altyd nuwe beleggings kom die land in op die voorblaaie van koerante, maar verlaat 'n land op die agterblaaie.

"Wat ek daarmee bedoel, is dat baie kapitaal die laaste jare stilletjies die land uitvloei.

"Die dreigement van grondonteiening sonder vergoeding en ook ander onteieningswetsontwerpe soos dié oor intellektuele eiendom is 'n gevaarlig vir die res van die wêreld," sê Heystek.

Die NV het in Desember 2018 die verslag van die grondwetlike hersieningskomitee aanvaar wat aanbeveel dat art. 25 gewysig moet word om grondonteiening sonder vergoeding eksplisiet moontlik te maak.

Die EFF het Maandag in 'n verklaring ander politieke partye geloof wat ook in die NV gestem het dat die komitee weer in die lewe geroep word.

"Hierdie partye het die belangrikheid van die vraag na grond bevestig.

"Dit dui verder op die onbetwisbare honger van Afrikane en swart mense in die algemeen dat verdere uitstel nie meer geduld sal word nie," lui die EFF se verklaring.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.